my skoonheid joernaal

hoe om...

altyd begeerlik te voel

Terwyl Elma Postma vir elke boer 'n vrou soek, begeer baie mans háár. Elma sê self dat sy net 'n doodgewone vrou is. Wat maak haar dan so onweerstaanbaar?

vrouwees is misterieus

Die geheim van volkome vrouwees? Jy ken dit, dis lankal nie meer 'n geheim nie. Aanvaar jouself soos jy is en doen moeite met wat jy het. Maar soms is dit nie genoeg nie, ek weet. Soms het jy ietsie ekstra nodig ... Parfuum! Vroue is sensuele wesens, daar is iets misterieus in die reuk wat jy saam met jou dra.

Natuurlik voel ek ook dikwels vet en lelik, maar dan troos ek myself: Dis nie hóé jy lyk nie, maar wat jy uitstraal wat jou 'n mooi vrou maak. En natuurlik die geheim ... die geur wat jou uniek maak. Dis nie sigbaar nie. Jy kan nie daaraan raak nie. Maar dis onmiskenbaar jý! Parfuum gee my selfvertroue!

elke vrou het dit

Ek dink om te lag, sensueel en sag en boonop 'n sterk individu te wees, is vrouwees in sy mooiste, volmaakste vorm. Elke vrou het al daardie elemente in haar. Jy moet net glo dat jy perfek geskape is en enigiets kan doen wat jou hart begeer. As jy van jouself hou, sal ander mense ook dink jy is mooi. En hoe jy oor jouself voel, kom uit jou eie hart. Of uit 'n ekstra tikkie parfuum op die dae dat jy hulp nodig het om begeerlik te voel!

die rol van reuke

Reuke kan my gemoed in 'n oogwink beïnvloed, en parfuum is beslis nie net iets vir glansgeleenthede nie. Ek bederf myself elke dag daarmee. Dit voel amper soos 'n geheim waarvan niemand weet nie. Net jy weet dat dit jou anders laat optree. Jy loop met selfvertroue, dink anders en voel anders.

Baie van my mooiste herinneringe word ook deur reuke oopgesluit. As ek iemand se parfuum ruik, is dit asof 'n tydperk in my lewe helder in my gedagtes opflikker. My ma het White Linen van Estée Lauder gebruik toe ek 'n dogtertjie was. Soms loop ek by iemand verby wat daarna ruik. Dit herinner my altyd aan my ma se lag, haar liefde, haar warmte. So perfek vrou!

kry so jou geur

- Fokus op jou gunstelinggeure as jy op soek is na 'n nuwe parfuum, en moenie skaam wees om die verkoopsdame om hulp te vra nie.
- Moenie meer as een parfuum op een slag aanspuit in die soeke na 'n nuwe geur nie.
- Parfuum is die moeite werd vir die geluk wat jy daaruit put, nie die geld wat dit kos nie.
- "Laag-op-laag" is altyd 'n goeie idee om jou parfuum langer te laat hou. 'n Stortjel en lyfroom in die geur van die parfuum omhul jou heeldag. As jou reukweerder, lyfroom, haarsproei, ensovoorts alles verskillend ruik, kan dit dalk 'n fiasko afgee!
- 'n Parfuum is nie soos 'n uniform nie, jy mag maar 'n paar verskillendes in jou kas hê – vir elke emosie, natuurlik!

glansryk, dag en nag

Ek is al hoe meer besig om vrede te maak met wie en wat ek is. Ek is besig om my "stem" en geur te vind. Moontlik is dit waarna Hannon gekyk het toe hy op soek was na die gesig van sy nuwe parfuums, *Be Glam By Day* en *Be Glam By Night*.

Om die gesig van Hannon se parfuums te wees is iets wat nog nie werklik ingesink het nie. Dis trots Suid-Afrikaans, en wie weet, dalk binnekort regoor die wêreld bekend. Ek voel inderwaarheid *glamorous*, al is ek net 'n gewone vrou wat met alle ander Suid-Afrikaanse vroue kan identifiseer. F

Artikel Annelize Opperman